ERVAAR GOD – DEEL 2

KOOP TYD UIT VIR GEBED

Patrick Jansen van Rensburg

Mat 26:40 En Hy kom by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie? Mat 26:41 Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.

'n Uur van Gebed is nie so baie soos ons dink nie. Dit is die minimum. Die Bybel verklaar dat ons moet bid om te verseker dat ons nie in sonde val nie. Ons behoort daagliks ten minste een uur uit te sit om met die koning te praat. Dit is ons afspraak met ons geliefde. Om Hom te ken en te hoor is dit nodig dat ons tyd met die Here spandeer. Die tyd wat ons met die Koning spandeer is nie 'n wet nie, maar dit is omdat ons Hom lief het. Hoe meer ons vir die Here doen, hoe meer tyd het ons met Hom nodig. Indien jy nie alles in 'n uur kan inpas nie, kan jy dit deur die dag versprei. Vroeg in die oggend, in die middag en in die aand. Hier volg 'n proses wat jou sal help met jou daaglikse gebed.

1. Voorbereiding:
    1. Word wakker uit jou slaap. Gen 28:16 Daarop word Jakob uit sy slaap wakker en sê: Waarlik, die HERE is op hierdie plek, en ék het dit nie geweet nie.
    2. Doen eerste dinge eerste. Psalm 62:1-2 O God, You *are* my God; Early will I seek You; My soul thirsts for You; My flesh longs for You In a dry and thirsty land Where there is no water. 2 So I have looked for You in the sanctuary, To see Your power and Your glory.
    3. Maak seker dat niks jou sal pla nie:
        a. Maak jou kamer deur toe
        b. Hierdie is die belangrikste tyd van jou dag.
        c. Fone af.
        d. Maak seker dat niks jou aandag kan aftrek nie.
        e. Maak seker dat jy 'n notaboek, pen en bybel het.

2. Openingsgebed:
    1. Dra hierdie tyd aan die Here op. Kom met 'n groot verwagting. God ontmoet jy altyd op die vlak van jou verwagting.
    2. Dryf die duiwel uit die kamer en jou huis.



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

    3. Bid dat die Gees van God jou sal help, lei en bemagtig in hierdie tyd.
    4. Seël die kamer.– Vra God om die vyand se oë en ore toe te maak en maak die huis toe onder die bloed van Jesus. Vra Hom om sy engele bevel te gee om die plek te omsingel.
    5. Fokus op Jesus, luister na sy stem.

3. Reinig jouself:
    - Reinig jouself: 1Joh 1:5 En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.
      1Joh 1:6 As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. 1Joh 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde. 1Joh 1:8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. 1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. 1Joh 1:10 As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot ‘n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.

4. Lê jou sorge neer.
    - Plaas al jou bekommernisse op Jesus. Ons kan God nie verheerlik indien ons bekommerd is nie. Wanneer ons nie ons bekommernisse op Jesus plaas nie, dan poog ons om in ons eie krag ons problem op te los. Dit dra by tot hoogmoed. Ons glo dat ons op ons eie problem kan oplos terwyl God se bevel is dat ons alle bekommernisse op Hom moet plaas. Mat 6:25 Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe—wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam—wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? Mat 6:26 Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?
    - Vervang elke bekommernis met ‘n belofte uit die Woord van God.
    - Gee jouself geheel en al oor aan die Here. Jou gees, siel, wil, emosies, gedagtes, jou familie, vriende, vyande, finansies, aanbidding, kritiek ens. Gee jou hele lewe aan God. Mat 11:28 Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Mat 11:29 Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; Mat 11:30 want my juk is sag en my las is lig.



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

- Skryf al jou laste en bekommernisse op 'n stuk papier. Gee dit vir die Here. Skuur die paper op en gooi dit weg as 'n manifistasie van dit wat God vir jou doen.

5. Daaglikse invulling: Gees en Woord

   Sondra ek leeg is van die sonde en bekommernisse is dit nodig dat ek vervul sal word met die Gees van God. Gebruik nagmaal – 1 Kor 11:23-32

   Word vervul met die Heilige Gees

   - Ontvang die doping met krag en vuur. Hand 2:1-5
   - Ontvang die Gees van aanneming en seunskap. Rom8:14-17
   - Ontvang die sewe Geeste van God. Jes 11:2-3; "en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE.
   - Ontvang die Gees van genade en waarheid. Hebreeus 10:29; Joh 14:17
   - Ontvang die nege vrugte van die Gees. Gal 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.
   - Ontvang die nege gawes van die Gees. 1Kor 12:7 Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is. 1 Kor 12:8 Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; 1 Kor 12:9 aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; 1 Kor 12:10 aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale.
   - Ontvang hulp van die Heilige Gees. Rom 8:15; Joh 14:16
   - Ontvang die manifistasie van die Heilige Gees teenwoordigheid. Hand 3:19
   - Ontvang die Gees van intersessie. Rom 8:26
   - Ontvang die Gees van geloof. 2 Kor 4:13; 2 Tim 1:7

   b. Word vervul met God se Woord. – drink van die rivier van lewe. Open 22:1-3.

   - Bid vir die openbaring en verstaan van die Woord deur die Heilige Gees. 1Joh 2:27
   - Lees en bestudeer die Woord van God elke dag.

6. Gaan sy poort in met lof. Psalm 100:3a
   - Dank God vir alles wat Hy doen. Heb 13:15-16
   - Dank God vir al sy seëninge, geestelike en natuurlike EF 1:3



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

7. Gaan sy voorhowe in met lof. Psalm 100:3b
    - Lof is waar ons praat of sing van God. Ons loof God met ons monde met geskreeu en sang. Psalm 8;19;29;33;89;93;96;104;113; 148;150.
    - Aanbidding is wanneer ons God aanbid en ons Hom bedien met ons sange in Heiligheid. Dit gaan nou nie oor woorde van God nie, maar woorde tot God. Intimiteit is die sleutel hier. Psalm 45:11, Joh 4:23-24.
    - Aanbid hom en sing 'n nuwe lied. Dans, klap, skreeu soos sy Woord verklaar. Psalm 33:3; Psalm 100:2-4

8. Kyk en sien wat Jesus doen.
   John 5:19 b "Most assuredly, I say to you, the Son can do nothing of Himself, but what He sees the Father do; for whatever He does, the Son also does in like manner.

   Joh 5:19 Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so. Joh 5:20 Want die Vader het die Seun lief en toon Hom alles wat Hy self doen. En groter werke as hierdie sal Hy Hom toon, sodat julle verwonderd kan wees.

– Isa 50:4b Morning by morning He wakens me and opens my understanding to His will. (NLT)

   1. Wees stil en kyk nou wat is laat God met jou praat. Wag op God in stilte. Jes 30:15
   2. Laat toe dat God met jou praat uit die Bybel.

9. Intersessie:
   1 Tim 2:1 In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; 1Tim 2:2 vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid.

   1. Bid vir jou familie, vriende, gemeente, die liggaam van Christus, jou dorp, provinsie, land, regering ens. Seën jou vyande.

10. Verklarings
    Pro 18:21 Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet. Hou 'n lys by van positiewe gebedsverklarings. Bid daardeur elke dag.



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com